SAPEX
Your fruit is our business

WEEK 09

23 Februarie 2026

# TAFELDRUIWE BEMARKINGSVERSLAG

## Marktoestande EU en VK

Aansluitend tot verlede week se verslag kan ons bevestig dat die Europese Mark steeds onder baie druk is, met 'n oormaat van druiwe wat gelyktydig die Suid-Afrikaanse hoof-uitvoermark bereik. Soos voorheen genoem, is dit grootliks te wyte aan 'n vroeër mid-seisoen en hawe-ondoeltreffendheid uit Kaapstad.

Ons moet ongelukkig oop en eerlik wees om volle deursigtigheid te verseker oor wat presies in die huidige mark aangaan. Pryse vir beide punnets en los-verpakking is op van die laagste vlakke wat ons al in die onlangse geskiedenis aanskou het.

Druiwe wat met aanvaarbare of normale aankomstes arriveer, word direk na supermark groepe gestuur. Sommiges ongelukkig ook tydens aggressiewe promosie tydperke om die groot volumes te skuif.

Produk wat aankom en bietjie werk benodig, word meesal gekategoriseer as ligte sortering. Uiteraard teen addisionele kostes. Waar die vrugte van so ‘n gehalte is dat die kostes van oorpak te veel is, word die druiwe teen verlaagde pryse, en/of in sekere gevalle met geen prys aanduiding, na die ope-mark gestuur. Daar is bloot net te veel goeie druiwe in die mark om te veel aandag aan probleemgevalle te gee. Pakstore is ook oorwerk in ‘n poging om die kleiner probleme te hanteer en in ‘n aanvaarbare vorm in die mark te kry.

Soos in ons vorige verslag genoem is die trog egter tydelik, veral op rooi pitloos. Indikasies is dat die mark wel vanaf vroeg tot middel Maart sal kan herstel.

Op hede is daar 'n geleentheid in die mark tydens aankomsweke 9 tot 11 vir sterk wit pitlose kultivars, bv. AutumnCrisp en Sugar Crisp. Hierdie gaping is grootliks te wyte aan die feit dat die Indiese seisoen swaar deur reënval beïnvloed word (30% - 40% laer as oorspronklike skattings). Bydraend ervaar hulle ook 'n ietwat later seisoen (2 - 3 weke).

Ons sal voortgaan om alle markverslae te monitor, voortdurend in kommunikasie met ons kliënte te wees, asook opvolg oor elke aankoms wat bykomende aandag benodig.

## Marktoestande Midde-Ooste

Die Midde-Ooste mark was heel seisoen onder geweldige druk met groot volumes druiwe wat in die mark geplaas is. Daar is lig aan die einde van die

tonnel en die aanvraag uit die ME mark tel drasties op omdat daar nie meer baie druiwe soontoe verskeep word nie. Die seisoen wat vroeër gaan klaarmaak speel ook ’n rol.

Prysindikasies vir Week 9 pak:
**Redglobe 4.5kg: R165 – R175**
**Wit, swart en rooi Pitloos 4.5kg: R165 – R175**

**Afrika/Eilande:**

Die Afrika/Eiland markte se aanvrag tel ook tans goed op met die laaste Redglobe wat beskikbaar is en met die fokus om sterk te eindig met die Crimson wat gepak word uit die Hex Rivier.

Prysindikasies vir Week 9 pak is as volg:
**Redglobe 4.5kg: R160 – R170**
**Crimson 11 x 500g: R170 – R180**

**Marktoestande Ooste (SEA)**

Met verlede week se Chinese Nuwejaar was dit besonder stil in die Ooste en almal was op vakansie. Neem ook in ag dat dit die maand Ramadan is en dat die Moslem gemeenskap vas deur die dag en dus ook nie normale aankope doen nie. Vanaf die algelope naweek het ons weer meer terugvoering begin kry met die aankomste van die containers van die afgelope 10 dae.

Kliënte is gemaklik dat die verkope redelik goed is op goeie produk. Ons kry egter wel klagtes op veral Ivory wat te geel en onegalige kleur het en Sweet Celebration met enkele barsies en korrels wat sag is. Dit gaan gepaard met kredietversoeke van $1 tot $2.00 per karton – wat ons dan ten beste moet beding. Ons verwag om redelik terugvoer te kry in die volgende week met die meeste containers op die Kota Legit en Ever Ulysses wat gedurende die laaste 10 dae arriveer het met hoofsaaklik Sweet Joy, Sweet Globe en Sweet Celebration.

Die Oosterlinge het die geneigdheid om onmiddelik heftig te reageer as daar moeilikheid met ‘n produk is. As daar nie probleme is nie hoor mens niks van die kliënte nie. (Behalwe by betaling dan wil hulle weer beding). Ons hoor baie min so ons moet aanvaar dit gaan redelik tot goed in die mark.

Die volgende twee skepe wat vroeg in Maart arriveer NYK Fuji en die Cosco Izmir het hoofsaaklik AutumnCrisp, Sweet Joy en Adora aan boord.

Vir alle praktiese doeleindes is ons klaar gepak vir die Ooste behalwe vir ‘n enkele program waarvoor ons nog in Singapore moet lewer.

Ons doel nou is om elke besending met aankoms so goed as moontlik te monitor en daarom beplan ons ook twee besoeke aan die mark in die volgende twee maande.

**Lokale mark.**

Die grootste aanvraag is tans vir wit pitloos, gevolg deur rooi pitloos. Die grootste volume beweeg tans in die rooi pitlose kategorie. Die prys vir swart pitloos is tans die hoogste maar dit is ook die kategorie waar die minste volume tans beweeg. Vraag en aanbod speel maar in alles ‘n rol.

Weens die weerstoestande die afgelope week of twee is daar tans baie druiwe in die markte beskikbaar. Net op die Johannesburg mark staan daar nou ongeveer 200 000 kartonne. Die beskikbaarheid daar beinvloed pryse by alle ontvangers. Ten spyte daarvan is die aanvraag en pryse relatief stabiel en goeie volumes kan geskuif word.

Omstandighede in KZN is bietjie moeiliker. Die aanvraag is laer as gewoonlik en sekere verskaffers het waarskynlik te veel druiwe soontoe verskeep. Daar is dus redelik aggresief pryse gesny om die volumes te skuif wat dit vir almal moeilik maak.

In die geheel gesien is daar tans ‘n ooraanbod van druiwe. Om die druiwe dus teen billike pryse te verkoop bly ‘n uitdaging. Die kwaliteitsprobleme wat na die onlangse reëns gesien word help ook nie. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die onderliggend vraag na druiwe nog steeds gesond is.

Huidige uitbetaal pryse vir gesonde druiwe:

Rooi pitloos R100 – R110
Wit pitloos R100 – R125
Swart pitloos R100 – R125.

Groete.

Sapex Span.